**Genade vir julle en vrede**

**Romeine 1:1-7**

**2 Augustus 2026**

1. Vantevore: Romeine is deur Paulus geskryf in laat 50's nC in Korinte. Dit was ter voorbereiding vir Paulus se beplande besoek aan die gemeente in Rome. Hierdie boek het intellektuele, teologiese, geestelike en praktiese waarde
2. Struktuur van aanhef in Rom 1:1-7
   - Van Paulus (v1) aan die geliefdes (v7): Genade en vrede vir julle
   - Paulus brei uit oor homself (v1, 5), die evangelie (v2-4), en die geliefdes (v 6-7)
   - Daarna volg die seëngroet (v7)
3. Hoe Paulus homself beskryf (Rom 1:1, 5)
   i. Dienskneg van Christus Jesus (v1): gehoorsaam aan, afhanklik van Here Jesus
   - Geroepe apostel (v1)
     i. Vereistes vir apostels:
        - Deur die Here Jesus geroep en aangestel (Joh 6:70, Mat 28:19-20)
        - Getuies van die Here Jesus se dade en lering (1 Kor 9:1)
        - Spesiale werking van Heilige Gees (Joh 14:26)
        - Werk is deur die Here geseën – wonders en tekens (Hand 2:43)
        - Lewenslange werk tot voordeel van hele kerk
     ii. Na Jesus se verskyning op pad na Damaskus, voldoen Paulus aan vereistes
   - Afgesonder vir die evangelie van God (v1)
   - Apostel vir die heidenvolke (v5, vgl Hand 26:16-18, 22:21)
4. Hoe Paulus die evangelie beskryf (Rom 1:2-4)
   - Evangelie vloei logies voort uit die Ou Testament (v2)
   - Inhoud van die evangelie: Seun van God (v3)
     i. Seun van God is as mens uit Dawid se nageslag gebore (v3, 2 Sam 7, Eseg 34:24, Mat 1:1)
     ii. Opstanding uit die dood getuig dat die Here Jesus die Seun van God is (v4)
        - Gees van heiligheid = Heilige Gees
        - Jesus was reeds Seun van God voor menswording (Joh 1:1)
        - Die Heilige Gees was reeds in die Here Jesus voor sterwe (Luk 1:35, 3:22, 4:1, Joh 3:34)
     iii. Kosbare beskrywing van die Here Jesus in v4:
        - Seun van God – Hy is God, een Persoon in Drie-Eenheid
        - Jesus – persoonlike Naam, Saligmaker
        - Christus – ampstitel, gesalfde Priesterkoning
        - Here – Eienaar/Heerser/Voorsiener
5. Hoe Paulus die geliefdes aan wie hy skryf, beskryf (Rom 1:6-7)
   - Geliefdes van God (v7) – gelowiges se verhouding met God begin met Sy liefde
   - Geroepenes (v6) – die Here Jesus roep almal wat God liefhet effektief
   - Geroepe heiliges (v7) – gelowiges is afgesonder vir God
6. Paulus se seëngroet (Rom 1:7b)
   - Genade vir julle – God se spontane, onverdiende guns in aksie
   - Vrede – genade lei tot vrede met God wat alle begrip oortref (Joh 14:27, Fil 4:7)
   - Seën is seker – kom van die Vader en die Here Jesus Christus – Hulle het dit bewerk